Individuele konsultasies

Individuele konsultasies van 60 minute vir leerders wat redelik seker is van loopbaan- of programkeuse en finale bevestiging / sekerheid wil kry; of wat reeds psigometriese assessering gedoen het en verdere advies verlang. Daar word ook aanbeveel dat kliënte wat van hierdie diens gebruik wil maak al reeds begin het met navorsing / ondersoek na verskillende programme en loopbaanvelde. Koste: R550 per 60 minute sessie. Indien verdere volledige assessering aanbeveel word, is die koste van R1650, soos bo uiteengesit, van toepassing.

Graad 9 vakkeusevoorligting

Daar is verskeie faktore wat 'n rol speel in die aanloop tot 'n suksesvolle beroepskeuse. Een van die eerste oorwegings is 'n realistiese en weldeurdagte vakkeuse vir graad 10 tot 12. Leerders se vakkeuses kan 'n groot implikasie hê in terme van 'n toekomstige loopbaan. Daar is dikwels ook baie onkunde rondom die oorwegings wat bydra tot die regte vakkeuse. Om leerders te ondersteun in hul vakkeuse proses bied die US se Sentrum vir Voornemende Studente professionele vakkeuse-voorligting aan vir graad 9-leerders.

Hierdie diens behels 'n psigometriese assessering van persoonlikheid, aanleg en belangstellings, individuele gespreksessie, asook 'n geskrewe verslag van die resultate en aanbevelings. Aanbevelings word objektief, onpartydig en met inagneming van die leerder se profiel, asook sy/haar skool se vakkeusepakket gemaak. Die leerder word ook bewus gemaak van die invloed wat sy/haar keuses op 'n naskoolse studieprogram en/of loopbaan kan hê.

Die koste is R1650 per kliënt en sluit 'n 4 - 4,5 uur lange assesseringsessie, 1 uur persoonlike terugvoer en 'n geskrewe verslag in.

Volwasse loopbaanvoorligting

Loopbaanvoorligting aan volwassenes (ouer as 21 jaar), **wat nie tans ingeskrewe studente aan die US is nie, is ook beskikbaar**. Die diens behels 'n individuele konsultasie van 60 minute, waarna 'n kwotasie gedoen word vir verdere proses en / of intervensie. Laasgenoemde kan individuele opvolgsessie(s) behels (teen R550 per uur sessie) en/of psigometriese assessering (koste hang af van individuele behoefte).

Algemene inligting oor ons dienste

- Ons is oop tydens skoolvakansies
- Afsprake slegs met vooraf bespreking
- Bogenoemde dienste kan ook op **Saterdae of publieke vakansiedae** gelewer word teen 'n verhoogde tarief.
- **Ander dienste** (bv loopbaanvoorligting in skole of op projekbasis en/of werkswinkels) kan ook gelewer word en word voor gekwoteer volgens die behoeftes van die betrokke projek.

Kontak ons

Tel 021 808 9543 / 9111 of info@sun.ac.za vir besprekings.
Vir aanlynbesprekings, besoek www.maties.com

CENTRE FOR Career Advice

(Prospective Students Services)

Career counselling for grade 11 and 12 learners

Prospective students are confronted with a wide variety of programme and career options - undoubtedly an advantage, but sometimes also difficult in terms of making the right choice. Stellenbosch University places high value on assisting its students in making realistic programme and career choices. It is for this reason that we offer a professional career counselling service.

We offer career counselling to grade 11 and 12 learners, as well as interested persons (not enrolled at Stellenbosch University) up to the age of 21 years. If you are older than 21, please consult our Adult Career Counselling section. This service consists of a psychometric assessment of personality, aptitude and interests, an individual feedback session, as well as a written report of the results and recommendations. Recommendations are made based on the client's unique profile and could therefore include programmes at a variety of higher education institutions (and not just Stellenbosch University). This opportunity is offered to ALL prospective students and not only for those who wish to study at SU.

The cost is R1 650 per client and includes a 4 - 4.5 hour long assessment session, 1 hour personal feedback session, as well as a written report.

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

Individual consultations

This service is provided for learners who are rather certain of their career and/or programme choice and would like final confirmation or certainty or those who have already done psychometric assessment and would like some further advice. It is recommended that clients who would like to make use of this service have already started with research / investigation of different programmes and career fields. The cost is R550 per 60 minute session. If further full assessment is recommended or requested by the client, the cost of R1650 (as outlined above) is applicable.

Grade 9 subject choice guidance

There are various factors that play a role in the process of making a successful career choice. One of the first considerations is a realistic and informed subject choice for grade 10 to 12. A learner's subject choice can have a significant implication in terms of a future career. Often, there is lack of understanding regarding the important considerations that contribute to making the correct subject choice. In order to support learners in their subject choice process, SU's Centre for Prospective Students (CPS), offer professional subject choice counselling to grade 9 learners.

This service consists of a psychometric assessment of personality, aptitude and interests, an individual feedback session, as well as a written report of the results and recommendations. Recommendations are made based on the client's unique profile and could therefore include programmes at a variety of higher education institutions (and not just Stellenbosch University). This opportunity is offered to ALL prospective students and not only for those who wish to study at SU.

The cost is R1 650 per client and includes a 4 - 4.5 hour long assessment session, 1 hour personal feedback session, as well as a written report.

Adult career counselling

This service is available to adults (older than 21) **who are not currently enrolled students at Stellenbosch University.** The service involves an individual consultation of 60 minutes, where after a quotation is provided for a further process and/or intervention, if necessary. The aforementioned can involve an individual follow up session(s) at a cost of R550 per 60 minute session and/or psychometric assessment (cost depends on individual needs or requirements).

General information about our services

- We are open during school holidays
- Appointments are only scheduled with prior arrangement
- These services can also be delivered on **Saturdays or public holidays** (different rates are applicable).
- **Other services** (e.g. career counselling in schools or for special projects and/or workshops) can also be delivered and can be quoted for according to the needs of the project.

Contact us

Tel 021 808 9543 / 9111 or info@sun.ac.za for bookings.
For online bookings visit www.maties.com

SENTRUM VIR

Loopbaan-advies

(Voornemende Studente Dienste)

Loopbaanvoorligting vir graad 11 en 12-leerders

Voornemende studente word blootgestel aan 'n wye verskeidenheid program- en loopbaanopsies - beslis 'n voorreg, maar soms ook 'n dilemma wat tot heelwat kopkrap kan aanleiding gee. Die Universiteit Stellenbosch stel dit as 'n prioriteit om sover moontlik te verseker dat realistiese program- en loopbaankeuses gemaak word.

Daarom bied ons 'n professionele loopbaanvoorligtingsdiens aan. Ons bied loopbaanvoorligting aan graad 11- en 12-leerders, asook naskoolse persone (nie ingeskrewe studente van die US) tot op die ouderdom van 21 jaar. Indien jy ouer as 21 is, raadpleeg gerus ons seksie vir Volwasse Loopbaanvoorligting. Hierdie diens behels 'n psigometriese assessering van persoonlikheid, aanleg en belangstellings, individuele gespreksessie, asook 'n geskrewe verslag van die resultate en aanbevelings. Aanbevelings word gemaak op grond van die kliënt se unieke profiel en kan dus programme aan 'n verskeidenheid van hoëronderwys instansies insluit. Hierdie geleentheid word dus aangebied vir ALLE voornemende studente, en nie slegs vir diegene wat aan die Universiteit Stellenbosch wil studeer nie.

Die koste is R1 650 per kliënt en sluit 'n 4 - 4,5 uur lange assesseringsessie, 1 uur persoonlike terugvoer en 'n geskrewe verslag in.

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY